

| Hoofstuk: 2 Paragraaf: 3. | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|---------------------------------|--|--|
| <p>Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.</p> | <p>1 Hebreërs 9:26 - 28</p> | <p>want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.</p> | <p>Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. `n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.</p> |
| | <p>Hebreërs 10:10</p> | <p>Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.</p> | <p>Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd.</p> |
| | <p>Hebreërs 10:12</p> | <p>maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God</p> | <p>Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.</p> |
| | <p>Hebreërs 10:14</p> | <p>Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.</p> | <p>Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.</p> |
| | <p>1 Johannes 2:2</p> | <p>En Hy is `n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.</p> | <p>Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.</p> |